# U.P. Pak Taak Aan Om Studente In Medisyne Op te Lei

## T.O.-KONGRES JUIG PLAN TOE

**Die ledetal van die Transvaalse Onderwysersvereniging het in die afgelope jaar met 146 gegroei, luidens die jaarverslag van die Hoofbestuur van die Vereniging wat gister met die voortsetting van die kongres voor die Vereniging in die saal van die Normaalkollege voorgelê is.**

In die verslag word verder verklaar dat daar op 31 Maart vanjaar 74 takke van die vereniging in Transvaal was.

'n Bouperseel is in Johannesburg aangekoop, en daarop word gewys dat dit gedoen is omdat daar 'n gevaar van inflasie is.

Tenders sal gevra word vir die oprigting van 'n agtverdieping-gebou.

Verder word verklaar dat 'n afvaardiging van die Hoofbestuur 'n samespreking met die Administrateur gehad het i.v.m. die skrapping van die regulasie wat 'n onderwyser toegelaat het om lid van 'n munisipale Raad te word.

Die Administrateur het belowe dat die saak oorweeg sal word.

'n Afvaardiging het ook die Administrateur gespreek oor die betaling van 'n lewenskoste-toelaag.

### Mediese Fakulteit

Ná afhandeling van hierdie sowel as die geldelike verslag, het mnr. Gerard Moerdyk 'n verklaring oor die mediese fakulteit aan die Universiteit Pretoria gedoen. Hy het gesê dat die noodsaaklikheid van so'n fakulteit al meermale beklemtoon is.

Hierdie fakulteit, het hy gesê, moet Afrikaans wees (toej.). Spreker het vervolg dat daar twee Universiteite in die land is met mediese fakulteite, waarvan die voertaal Engels is. Die Afrikaner se selfrespek eis dat ook die studie van medisyne sal bydra tot die opbou van sy taal. So'n nuwe fakulteit moet op kontinentale lees geskoei word. Daaroor sal baie geld nodig wees, bv. 'n volledig toegeruste hospitaal, onder beheer van die Universiteit.

Spreker het vervolg dat die owerhede by die Universiteit besluit h[...] om aanstaande jaar tweede jaa[...] studies in die medisyne te versk[...] Daar is reeds voorsiening vir eers[...] jaarsopleiding. Wat derde ja[...] studie betref, is die probleem grot[...] want klinieke, wat veel geld kos, hier nodig.

Reeds het die Universiteit vir h[...] die fakulteit £36,000 ingesamel, m[...] £50,000 is nodig.

Spreker het hierop aan die h[...] gedoen dat die T.O. hom ver[...] woordelik hou vir die koste verbo[...] aan 'n laboratorium of 'n oper[...] saal. 'n Ekstra kamer sou £1,000, 'n nuwe vleuel £5,000, 'n operasie-saal £10,000, en 'n afsonderlike departement, bv. vir oogheelkunde, £5,000 kos.

Op voorstel van mnr. W. P. van Rooyen is die volgende mosie eenparig aangeneem:

„Die kongres spreek sy blydskap uit oor die pogings wat aangewend word vir die onmiddellike stigting van 'n Afrikaanse Mediese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. Die kongres wil ook sy blydskap en waardering uitspreek teenoor die simpatieke houding van die Minister van Onderwys wat dit tans oorweeg om 'n lening aan die Universiteit Pretoria toe te ken vir die oprigting van 'n Afrikaanse mediese fakulteit. Ook waardeer die kongres die aktiewe leiding wat prof. M. C. Botha in die groot volksaak neem.

„Die kongres voel die noodsaaklikheid van so'n fakulteit baie sterk en spreek die hoop uit dat die poging eerlank 'n voldonge feit sal wees, omdat: (1) Daar so'n groot tekort aan geneeshere is. (2) Daar 'n gebrek aan voldoende opleidingsfasiliteite by die ander twee universiteite is, met die gevolg dat daar aan die begin van hierdie jaar o.a. ook 'n groot aantal Afrikaanssprekende studente by altwee universiteite toelating geweier is. (3) Die mediese fakulteite van Kaapstad en die Witwatersrand nie vir Afrikaanse opleiding voorsiening maak nie. (4) Di[e] Kommissie wat in 1939 aangeste[l] was, om die saak te ondersoek, di[e] eis om 'n Afrikaanse mediese faku[l]teit gebillik het.

„Die kongres wil dus in belang van opvoeding 'n baie sterk beroep doen op die owerheid om alle stappe te doen om in die groot volksbehoefte te voorsien deur alle moontlike pogings aan te wend ten einde alle kragte in te span om die stigting van 'n Afrikaanse mediese fakulteit aan die Universiteit Pretoria te verwesenlik."